## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 7300** **27 Maart 2026**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 6 (NO. 6/3/66)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 6 by bogenoemde Wet hiermee gewysig**, met ingang vanaf 1 April 2026,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**ENOCH GODONGWANA**
**MINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die vervanging van Opmerking(s) 6(b) met die volgende:**

(b) Die mate van terugbetaling vir geskikte aankope -

**OP LAND**

(i) Landbou, bosbou of mynbou op land, is 157,2 sent per liter brandstofheffing **plus** 225,0 sent per liter Padongelukfondsheffing wat gelyk is aan 382,2 sent per liter.

Metode van berekening van terugbetalling is as volg:

(aa) Vir 1 000 liter geskikte aankope -

1 000 liter waarvoor 'n terugbetaling van 382,2 sent per liter geëis mag word;

(bb) Vir 1000 liter aangekoop waarvan 300 liter ongeskikte aankope verteenwoordig, byvoorbeeld, vervoer van goedere teen vergoeding -

1 000 liter min 300 liter is gelyk aan 700 liter geskikte aankope waarop 'n terugbetaling van 382,2 sent per liter geëis mag word;

**AFLANDIG**

(ii) Aflandige vaartuie, sluit in -

(aa) kommersiële visvangvaartuie;

(bb) kusvaarders;

(cc) aflandige mynbou;

(dd) vaartuie deur die Nasionale Seereddingsinstituut besit;

(ee) vaartuie wat navorsing ter ondersteuning van die marienenywerheid onderneem;

(ff) kuspatrolering vaartuie; of

(gg) vaartuie aangewend vir die diens van veseloptiese-telekommunikasiekabels langs die kuslyn van Suider-Afrika,

is 393,0 sent per liter brandstofheffing, **plus** 225,0 sent per liter Padongelukfondsheffing is gelyk aan 618,0 sent per liter.

(iii) Hawevaartuie, met inbegrip van -

(aa) hawevaartuie deur Portnet bedryf;

(bb) vaartuie deur in-hawe bunkervragskuitoperateurs gebruik,

225,0 sent per liter Padongelukfondsheffing.

**SPOOR**

(iv) Lokomotiewe vir spoorvrag gebruik uitgesonderd dié gebruik vir landbou, bosbou of mynbou, soos in hierdie Opmerkings bepaal, is 225,0 sent per liter Padongelukfondsheffing.

**ELEKTRISITEITSOPWEKKINGSAANLEGTE**

**Deur die vervanging van Opmerking(s) 6(b) met die volgende:**

(v) Distillaatbrandstof vir gebruik uitsluitlik as brandstof deur elektrisiteitsopwekkingsaanlegte met 'n kapasiteit van meer as 200 megawatt per aanleg, wat krag opwek vir die nasionale verspreidingsnetwerk, is 196,5 sent per liter brandstofheffing, **plus** 225,0 sent per liter Padongelukfondsheffing is gelyk aan 421,5 sent per liter.

(vi) Enige eis om terugbetaling van heffings waarvoor voorsiening gemaak word in paragraaf (b)(i), (ii), (iii), (iv) of (v) by hierdie Opmerking moet met enige ongeskikte aankope verminder word.